JULIE / AUGUSTUS 2016

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

# GELOOF IN DIE ONSIENLIKE

Yoko is gebore op 28 Mei 1950. Sy was een van vier kinders wat grootgeword het in die groot stad Kobe. Hulle familie het nie eintlik enige godsdiensoortuigings gehad nie, maar sy het van die Bybel geleer terwyl sy in die Katolieke kleuterskool was. In haar onskuld het sy alles geglo wat hulle haar geleer het.

"In die laerskool het die kinders my gespot en gesê dat my geloof in God kinderagtig was," het sy vertel. "Ek het toe begin twyfel en gevoel dat alles wat ek geleer het tot dan toe slegs versinsels was. Ek het besluit dat God wel die mens mag geskape het, maar godsdiens was vir die swakkelinge.

Terwyl ek ouer geword het, het ek gewonder hoekom ek gebore is en het betekenis en doel vir my lewe probeer vind. Ek het nie antwoorde gekry nie en was baie deurmekaar. My hart was seer en leeg. Ek het begin glo dat mense net soos diere was en alles maar net eenvoudig gaan eindig wanneer ek sterf. As alles eindig met die dood, dan sou dit nie saak maak as ek toe reeds gesterf het nie, derhalwe het ek dit begin oorweeg om selfmoord te pleeg. Ek is oorweldig met gevoelens van eensaamheid en hopeloosheid, en gou het ek begin depressief raak.


*Yoko Tamada*

Ek het in verpleging gaan studeer, want ek het gedink dat dit my 'n soort betekenis en doel in die lewe sou gee. Ek het 'n mate van vervulling gevind deur andere te help en sommige te versorg, maar steeds het ek gevoel dat die lewe betekenisloos was en het 'n diep gevoel van leegheid in my hart gevoel.

Op my 20ste verjaarsdag het ek 'n boek gekoop van 'n bekende Christenskrywer. Na ek 'n paar van hierdie skrywer se boeke gelees het, het dit my siening van die godsdiens verander. Ek het besef hoe swak en hulpeloos ek was, en hoe baie dit my sou help as ek geglo het in 'n 'hoër wese'. Ek het geïnteresseerd geraak in die lees van boeke oor godsdiens en die hiernamaals, maar het nog die drang om kerk toe te gaan, weerstaan.

Dit was in hierdie tyd wat God dinge so beskik het dat ek 'n Christenmedewerker as kamermaat gekry het. Ons het goeie vriende geword en sy het vir my 'n Bybel gegee en genooi om kerk toe te gaan. Ek het nie die boodskap so goed verstaan nie, maar my vriendin het my aangemoedig deur te sê, 'Probeer om vir 'n rukkie te gaan en jy sal begin verstaan'. Ek was op soek na iets om die leegheid in my hart te vul; derhalwe het ek besluit om te gaan.

Die eerste keer wat die woorde van die Bybel tot my gespreek het, was toe ek 1 Joh. 4:12-16 gelees het. Dit was vir my moeilik om te glo in 'n God wat ek nie kan sien nie, maar hierdie Bybelvers het in my hart geskyn soos 'n ligstraal in die donkerte:

***Niemand het God ooit aanskou nie. As ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het. En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het. Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is - God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.***

Ek wil my vertroue in Hom stel AS daar 'n liefdevolle God daarbo is, het ek gedink. 'n Jaar later het ek vir die eerste keer 'n jeugkamp bygewoon. Op pad daarheen, terwyl ons op die boot was, het ek 'n meisie ontmoet wat ywerig die Woord van God gedeel het. Ek het haar gevra, 'Wat as die Bybel wat die fondament van die Christendom is, verkeerd is? Wat dan?' Sy het toe 2 Tim 3:16 met my gedeel:

***Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.***

Hierdie Bybelvers het tot my hart gespreek en het gehelp om my twyfel en vrese te besweer. Ek het begin glo dat die Bybel wel waarhede bevat waarop ek kan steun. Daardie aand by die kamp het die boodskap aan my gewys dat daar niks goeds in my is nie en hoe sondig ek is.

Ek het voorheen gehoor hoe Jesus gesterf het vir my sonde om my te red, maar ek het gevoel asof dit te eenvoudig is om net te glo en gered te word. Dit was moeilik om te glo dat die oplossing vir my probleem so eenvoudig was, maar toe ek gedink het aan my sonde en selfsugtigheid, en my hopeloosheid om te verander, het ek besef Jesus was die enigste antwoord. Op 29-jarige ouderdom het ek my sondes bely en Jesus aangeneem as my Verlosser en Saligmaker.

Nadat ek Hom ingeneem het in my hart, het die gevoelens van eensaamheid, leegheid en hopeloosheid weggegaan. Ek het 'n nuwe betekenis en doel in die lewe gehad en is gevul met blydskap en hoop vir my toekoms. Ek het 'n diep begeerte gehad om meer van God en die Bybel te leer, dus het ek vir 'n jaar die Bybelskool bygewoon. Daar het my geloof gegroei en het ek geleer hoe om God se Woord te deel met ander wat geen hoop het nie.

Die vrees en huiwering wat ek ten opsigte van trou gehad het voordat ek Jesus aangeneem het, het verdwyn, en ek het ernstig begin bid oor die vreugdes om deel te wees van 'n Christelike familie waar Christus die middelpunt is.

Drie jaar later, terwyl ek gewerk het as 'n verpleegster by 'n Christenhospitaal, het een van my kollegas my voorgestel aan die hospitaal se evangelis wat saam met Japansending gewerk het. Die dag toe ek Koji ontmoet het, het ek geweet ek wil die res van my lewe saam met hom deurbring. Hy het openhartig aan my vertel hoe hy vanweë 'n harttoestand 'n hartoperasie moes ondergaan en dat hy baie jare in die hospitaal moes deurbring as gevolg van tuberkulose. Daar was iets verfrissend aan sy eerlikheid en openhartigheid, en ek kon duidelik sien dat God aan die werk was in sy lewe.

Ons is getroud toe ek 33 jaar oud was en God het ons geseën met 'n seun toe ek 35 jaar oud was. Totdat my seun gebore is, het ons aangegaan om hospitaal-evangelisasie onder die pasiënte te doen. Ons het begin met 'n kerk in ons huis en het die geleentheid gehad om die evangelie met baie in ons gemeente te deel.

As ek terugkyk na ons 33 huweliksjare is my hart vol dankbaarheid. Die lewe is 'n uitdaging, maar God het alles waarlik ten goede laat meewerk! Ons het sover gekom, alleenlik deur God se barmhartigheid en genade.

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bediening in Tronke
- Engelse Evangelisasie
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal ’n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 13/4/2016 NLM, 16/4, 20/4, 21/4, 4/5, 9/5, 16/5, 20/5, 21/5, 25/5, 28/5, 2/6, 17/6, 20/6, 21/6.**

**ABSA BANK:- 26/4, 28/4 Bybels, 1/5, 3/5, 5/5 NLM, 6/5, 16/5, 18/5, 18/5 Langeberg Bybels, 21/5, 25/5, 26/5, 27/5, 28/5 Bybels, 30/5, 1/6, 5/6 NLM, 12/6, 17/6, 18/6, 19/6/2016.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. ’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of ’n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**


**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***


***En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus*** (Fil. 4:19)



*Koji en Yoko Tamada*

Ek en Koji werk tans by Japansending as deel van ’n span wat die maandelikse traktaatjie, *Yorokobi no Izumi* (Fontein van Vreugde), help skryf en redigeer.”

***Bid*** vir sterkte en beskerming vir mnr. en mev. Tamada, terwyl hulle steeds ’n belangrike rol speel om menige te bereik vir Christus.

## DIE PROBLEEM VAN HOPELOOSHEID

’n Ernstige probleem, naamlik om sonder hoop te wees, staar alle ouderdomme van die Japannese bevolking in die gesig. Baie voel hulpeloos en het geen lewensdoel nie. 11% Japannese wens hulle was nooit gebore nie. 85% jongmense wonder hoekom hulle bestaan.

Na die Tweede Wêreldoorlog het keiser Hirohito aan die nasie verklaar dat hy nie god was nie. Dit het ’n diepe gevoel van verlies en verraad tot gevolg gehad, wat veroorsaak het dat die meeste uiters hopeloos en skepties gevoel het om hulle vertroue in enige god of godsdiens te plaas.

Om sonder hoop te wees, is ook die gevolg van die onderrig van evolusie in die skole en die konklusie dat die mens niks meer is as deel van die diereryk nie.

Die oplossing van hierdie hopeloosheid kan alleen gevind word in ons Skepper God. ***Bid*** dat God die mense sonder hoop sal bemoedig en Homself aan hulle sal openbaar. ***Bid*** dat die werkers van Japansending sensitief sal wees vir die leiding van die Heilige Gees, terwyl hulle probeer om diegene te help wat sonder hoop is.

## ’N ONBEREIKTE VOLK

Die Japannese is een van die grootste onbereikte groepe van die wêreld. Die meeste van die 126 miljoen mense het nog nooit in direkte kontak gekom met die Christendom nie. Uit die 692 groot stede het slegs 89 een kerk. Tien groot stede het glad geen kerk nie. Daar is slegs een sendeling vir elke 56 000 Japannese!

Sjinto en Boeddhisme is die vernaamste godsdienste wat wyd beoefen word, maar nie wyd geglo word nie.

Japan is ryp vir die evangelie. Wanneer hulle gevra word, as hulle ’n godsdiens kon kies, wat sou hulle kies, antwoord 79% dat hulle grootste belangstelling by die Christendom lê.

***Bid*** dat die Here baie toegewyde werkers sal voorsien en dat Hy ons sal help om elke geleentheid te gebruik om die evangelie te deel.

## OPDATERING - AARDBEWINGONDERSTEUNING

’n Reeks kragtige aardbewings, insluitend ’n M7.0-aardbewing, het die stad Kumamoto in die suidweste van Japan op 16 April 2016 getref – dit het geweldige verwoesting gesaai. Binne dae was ’n span Japansendingwerkers in staat om die area te besoek om die plaaslike kerke en hulle gemeentes te help met ondersteuning en herstelwerk.

Ons het in die noordooste van Japan gesien dat baie die Here leer ken het na die ramp van Maart 2011, want inwoners was gevul met dankbaarheid, en het belangstelling begin toon om die kerk by te woon. ***Bid*** vir die geleentheid in Kumamoto om baie vir Christus te beïnvloed.

Een opwindende uitreik waarby Japansending steeds betrokke is, is die publikasie van ’n Japannese evangeliese blaadjie (traktaatjie) wat *Yorokobi no Izumi* (Fontein van Vreugde) genoem word. ‘n Span skrywers, tekenprentkunstenaars en kantoorpersoneel gaan voort om steeds hard te werk om hierdie maandelikse publikasie moontlik te maak. Ongeveer 24 000 van die mooi en kleurvolle traktaatjies word gedruk en versprei na ongeveer 1 000 plekke dwarsoor Japan asook oorsee.

Omdat hierdie traktaatjies deur die hele Japan gestuur word, is dit vir Japansendingwerkers moontlik om kontak te maak met baie mense. Toe Japansendingwerkers in Kumamoto (500 km ver) arriveer, was hulle in staat om baie te besoek wat hierdie maandelikse traktaatjie ontvang. Een nie-Christenvrou wat Alex Verwey kon besoek, was mev. Yamada, wie se familie dit gereël het dat sy al vir baie jare die traktaatjies ontvang. Sy het hom met ‘n groot glimlag ontvang. Hulle kon saam met haar bid en haar aanmoedig om na die plaaslike kerk te gaan. Alex is bemoedig en het gesê, “Onmiddellik na ek gebid het vir haar, het sy gesê, ‘Dankie, ek het die gebed in my hart ontvang’.” ***Bid*** vir mev. Tamada, terwyl ons steeds met haar in kontak bly en vir haar die godsdienstige traktaatjies stuur.